

In ons reeks, Volg My, kyk ons hierdie week na die lewe van Petrus as een van die dissipels van Jesus.

*Kan jy onthou waarvoor Petrus alles bekend is?  Wat was sy tekortkominge en die eerbare dinge wat ons van hom onthou?*

Petrus was die leier dissipel en een van die binnekring van Jesus. Hy en sy broer Andreas is eerste geroep as dissipels. Petrus het:

- ‘n Soldaat se oor afgekap
- Aan die slaap geraak in die tuin van Getsemane
- Op water geloop
- Jesus drie maal verloën en weer drie maal sy liefde aan Jesus bely
- ‘n Kragtige belydenis gemaak waarop die kerk gebou is
- ‘n Kragtige toespraak gemaak wat baie mense tot bekering gebring het

Wanneer Petrus op Jesus, en Sy persoon, gefokus het, en onder Sy gesag inbeweeg het, het Hy rus gevind, vertroue gekry en kragtige werk gedoen.



# 1 PETRUS 1:13-21

'Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus. As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. **Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan immers geskrywe: “Wees heilig, want Ek is heilig.” Aangesien julle Hom as Vader aanroep wat oor elke mens onpartydig volgens sy dade oordeel, lewe dan in eerbied vir Hom gedurende die tyd van julle vreemdelingskap in die wêreld**. Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie.



Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is. Reeds voor die skepping van die wêreld is Hy hiervoor bestem, maar ter wille van julle het Hy eers in hierdie eindtyd gekom. Deur Hom glo julle in God wat Hom uit die dood opgewek en aan Hom heerlikheid gegee het. Daarom is julle geloof en hoop op God gerig. '



Lees 1 Petrus 1:13-21.  Fokus op Vers 15-16.

*Wat dink jy beteken dit om heilig te wees?*

*Wat beteken God se heiligheid?*

*Hoe kan ons as gelowiges heilig wees en 'n heilige lewe lei?*

Drie goed staan uit in hierdie verse.

1. God is heilig
2. Ons moet heilig wees
3. Ons kan net heilig wees in verbintenis en as gevolg van God se roeping

# HEILIGHEID

- Kadosh/ Haggan
- Apart, afgesny, losgemaak, eenkant



Heiligheid beteken dat jy apart, afgesny, losgemaak en eenkant gehou word.

God se heiligheid en heerlikheid is ver bo ons begrip.  Dit is *off the scales* en *beyond measure*. Sy liefde, genade, almag is onmeetbaar en staan daarom apart en bo enige iets waaraan ons waarde heg in ons lewe.

Menslike heiligheid kan ook nie gemeet word aan dade en gevoelens en kennis nie.  Dit beteken ook nie om onsself af te sny van die wêreldse dinge en alledaagse lewe nie.  Dit beteken ons is apart gehou… vir God se gebruik en tot Sy eer.

In die Ou Testament was daar talle gewone items wat as “Heilig” bestempel is… Slegs wanneer dit in die tempel gebruik is of tot eer en verheerliking van God en vir Sy uitsluitlike doel.

Wanneer daar na die “heiliges” verwys word in die Nuwe Testament, verwys dit nie na perfekte gelowiges nie…maar na persone wat onder die gesag van God, die Heilige, staan en beskikbaar is vir Hom om te gebruik.

*Hoe dink jy kwalifiseer die wêreld heiliges? Wat doen ons as mense dikwels om in God se “goeie boekies” te kom? Waarnatoe lei dit dikwels?*

Ons is heilig, WANT GOD IS HEILIG.

Dit is die beginpunt, die rots waarop ons hele lewe moet staan. Ons kan slegs Heilig wees wanneer ons God se heiligheid en heerlikheid erken en daar onder leef.



# GOD IS HEILIG

# ONS MOET HEILIG WEES



# PSALMS 18:29-32

'U, Here, laat my lamp helder skyn; my God gee lig as dit donker is om my. Met u hulp loop ek 'n oormag storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie. Wat God doen, is volmaak; wat die Here sê, is suiwer. Elkeen wat by Hom skuiling soek, beskerm Hy. ***Waarlik, wie anders as die Here is God? Ja, wie anders as ons God is 'n rots?*** God omgord my met krag; Hy maak my pad voorspoedig. '



Lees Psalm 18:29-32. Dawid besef hier dat God allesomvattend is dat daar niemand is soos Hy nie.

Die aartsengel Migael, prins van die engele, se naam beteken juis dit:

Mi-ka-el (Wie… Soos… God?). Niemand nie!

Wanneer jy besef dat dit nie gaan oor hoe goed jy is, of hoe baie jy doen of wat jy al vermag het of hoe ver jy al gevorder het in jou geloofsleer nie… Maar eerder of jy die heiligheid van God besef… Dan is jy besig om geestelik te groei, te verander en te vernuwe.

**Daar is nie ‘n tienpunt plan tot heiligheid nie, jy hoef nie ‘n stel reëls en wette na te volg nie, jy hoef nie gedoop te word of kerk toe te gaan nie… MAAR as jy besef hoe Heilig God is, wie Hy werklik is, en dat alles wat Hy in die Bybel sê waar is, dan sal jy hierdie dinge hier bo WIL doen… En nog meer.**


WIE IS SOOS GOD?

Satan en Migael was albei eens engele in God se heiligdom.  Migael lê sy lewe neer vir die "Een wat met niemand vergelyk nie".  Satan weier om onder God se heiligdom te buig en vergelyk hom heeltyd met God se heiligheid.

In Openbaring voer hulle 'n laaste stryd teen mekaar.  Die onvergeeflike sonde in die Bybel is om die Heilige Gees te ontken/ te laster/ disrespekvol teenoor God en Sy heiligheid te wees.  Die Heilige Gees is God se heiligheid en ons mag dit nie ontken nie.

*Wanneer dink jy is jy werklik 'n dissipel, 'n Christen?*

*In watter opsigte/areas dink jy is jy dalk besig om jou eie heiligheid bo die heiligheid van God te plaas?*

*Hoe kan ek dan nou "Heilig" lewe en groei in my "heiligheid"?*

Lees weer 1 Petrus 1:13-14. Die ware betekenis kom eintlik eers uit wanneer ons dit in verskillende vertalings lees. Die oorspronklike Grieks praat van "**omgord die heupe van die verstand**" – in Engels "**gird up the loins of the mind".**

*Wat kan maak dat ons rustiger, meer vrede en vreugde, meer vertroue, meer groei in ons lewe ervaar?*

Ons wil honderde dinge doen, pogings aanwend om te verbeter, te groei, en dit dryf ons in alle rigtings…

Maar die EEN DING wat ons nie wil doen nie, of nie genoeg doen nie, is om God se heiligheid te erken en op wie Hy is te fokus.


• Wees verstandelik wakker en nugter
• wees verstandelik paraat & helder van gees
• omgord die heupe van die verstand

Die term “omgord die heupe” kom uit die Ou Testament waar almal rokke gedra het.  Om te hardloop en hul werk te kan doen, moes hulle die rok met al sy los punte by die belt indruk en vasmaak.

**Wees Gereed!  God wil jou gebruik!**

**Maak vas die gordel en kyk wat Hy doen!**

Fokus op Sy heiligheid, en goeie, heilige dade (nie sonde-offers nie, maar dankoffers) sal vanself volg – nie omdat ons moet nie, maar omdat ons nie anders kan nie.

Die gordel wat ons vasmaak, is die gordel van die waarheid.  Die waarheid van wie Christus is.  Dis die waarheid waarop ons moet fokus.



1 *The ancient tunic covered the legs, but limited mobility while working, running, or fighting in battle.*



2 *When you need mobility, "gird up your loins" by raising the excess tunic fabric of the "skirt" portion.*



3 *Now gather all the excess fabric to your front.*



4 *Now pass the excess fabric between your legs to the rear.*



5 *Bring half the fabric around on each side, and tie it in your front.*



6 *Now that your loins are girded, you are ready to run, do hard labor, or go to war.*



*Hoe probeer jy prakties jou gedagtes (die heupe van jou gedagtes) vernuwe?*

*Hoe reageer jy wanneer jy besef God het jou reeds waardig gemaak deur alle geregtigheid en heiligheid op jou te plaas?*

*Watter vrug van die Heilige Gees dink jy is besig om in jou lewe te ontwikkel?*

***GEBED:***

- Here, dankie dat ek nie honderde reels en wette hoef na te kom nie, maar help my om meer gehoorsaam te wees om daagliks net op U te fokus.
- Here, dankie dat U ons roep om deel van U heiligheid te wees al verdien ons dit nie
- Help my om te besef ek is nie perfek nie, maar ek moet groei, verander en vernuwe in my verstaan van U
- Help ons om by ons kinders 'n WIL te kweek om te help en te dien, eerder as om dit te sien as iets wat hulle MOET doen.

AMEN.